Hoe werk die stergradering?

Wanneer ’n fotograaf aansluit by die klub, is hy/sy outomaties ’n 1-ster. As die lid voorheen aan ’n ander klub verbonde was, mag sy/haar vorige toekennings in ag geneem word vir die bepaling van die sterstatus. Die bestuur of graderingspaneel mag in uitsonderlike gevalle iemand se sterstatus aanpas na voorlegging van paneel van foto’s.

Vordering na ’n volgende sterstatus
’n Lid vorder deur punte en goue toekennings te versamel in klub en salon kompetisies. **Klubpunte** word verkry deur brons, silwer, goue en meriete toekennings wat in kompetisies verwerf word. (sien die bladsy ook kompetisiereëls). **Goud/meriete** is wat verdien word by klubkompetisies en **Salonaanvaardings** is wat verdien word by salonne.

’n Vasgestelde aantal 1)klubpunte), 2)goue/meriete toekennings, en 3)salon aanvaardings - word benodig om te vorder na ’n volgende ster status. Hoe verder jy vorder -hoe meer salonaanvaardings word vereis.

Om te vorder na ’n volgende ster status, moet ’n klublid aan al die gespesifiseerde kriteria voldoen, bv. om te vorder van ’n 3 ster na ’n 4-ster moet jy ten minste 192 klubpunte EN 52 Goud/COM toekennings EN 15 salonaanvaardings verwerf het. **Let wel dat dit salonaanvaardings is en nie salonpunte nie**.

Punte word van een sterstatus na ’n volgende oorgedra. Die maksimum toegelate goud/meriete toekennings wat van 3 na 4 ster oorgedra kan word, is 52.
Let daarop dat jy vir een foto nie meer as drie Salonaanvaardings of salonpunte erkenning kan ontvang nie. As ’n foto’s dus by ’n salon drie keer aanvaar is – kan jy nie verder erkenning daarvoor ontvang nie.

Salon toekennings (PSSA SE KOMPETISIES)
Fotografieklubs in Suid-Afrika bied salon kompetisies (landwyd) aan onder die vaandel van die PSSA. Elke salon kompetisie het sy eie reëls en kategorieë waarin ingeskryf kan word. Enige lid van ‘n fotografieklub (nie nodig om ‘n lid van die PSSA te wees nie) mag dan foto’s inskryf in die onderskeie kategorieë, gewoonlik teen ‘n tarief per kategorie. Daar is gewoonlik ook ‘n beperking op die aantal foto’s wat jy per kategorie mag inskryf. Die inskrywings word deur ‘n paneel van beoordelaars beoordeel. ‘n Salon aanvaarding word gegee wanneer ‘n foto in die top ± 20% per kategorie eindig. Daar is ook meriete toekennings en medaljes vir kategorie wenners. *Lees gerus meer op die PSSA se webtuiste.*

Vir sterstatus is salonaanvaardings belangrik. Salonpunte speel weer ’n rol in ’n persoon se Impala punte by PSSA. Dit word ook in ag geneem by klubtoekennings aan die einde van die jaar. Internasionale aanvaardings word nie in berekening gebring by klubgradering nie.

2 Ster Status	**Klub punte**	**Goud/Meriete**	**Salon aanvaardings**	**Aantal salonne**
1 Ster-2 Ster	55	15	-	-
2 Ster-3 ster	123	33		
3 Ster-4 ster	192	52	25	20%
4 Ster-5 ster	316	86	60	35%
5 Ster -Meester Brons	514	140	78	45%
Meester Brons-Meester Silwer	956	258	95	55%
Meester Silwer-Meester Goud	1154	312	120	70%
Meester Goud-MPlatinum	1352	366	130	75%
Meester Platinum-MDiamant	1550	420	140	80%
Meester Diamant-Senior MB	1814	492	172	80%
Senior MeesterBrons -MSilwer	2078	564	185	80%
Senior Meester Silwer-SMG	2342	636	210	90%
Senior Meester Goud-SMP	2606	708	230	100%
Senior Meester Platinum-SMD	2870	780	230	100%
Senior Meester Diamant				